Redaksioneel

Die invloed van Suid-Afrika se isolasie op landbounavorsing

Die primêre doel van landbounavorsing is om kennis en kundigheid te genereer wat in praktiese, bio-ekonomies doeltreffende produksiestelsels opgeneem kan word. Vir die praktyk moet navorsing gerig wees op die bevordering van volgehoue ekonomiese produksie van landbouprodukte van aanvaarbare gehalte teen 'n bekostigbare prys aan 'n groeiende bevolking, sonder dat die instandhouding van natuurlike hulpbronne bedreig word. Stygende produksietendense van die meeste landbouprodukte is sedert die middel-sestigerjare waargeneem (Kortbegrip van Landboustatistieke, 1993) ten spyte van drie ernstige droogtes tydens hierdie periode. Indien die aansienlike onttrekking van landbougrond uit produksie (deur onteiening vir konsolidasiedoeleindes, wild- of ontspanningsplase, dorpsontwikkeling, ens.) in ag geneem word, kan dit die indruk laat dat die gevolge van isolasie nie so ernstig was nie. Met ander woorde, dat die vakkundige bediening deur navorsing en tegnologie-oordraging toereikend in stand gehou is.

So 'n afleiding sou egter oppervlakkig en slegs gedeeltelik korrek wees, omdat dit ander aspekte ignoreer.

Navorsers wat blootstelling aan die isolasiejare gehad het, se standpunte en ervarings is uiteenlopend. Sommige navorsers en hulle navorsing is skynbaar veel minder geraak as ander. Trouens, die getuienis van sommige dui daarop dat navorsing in sekere gevalle selfs deur isolasie mag gebaat het.

Dit is welbekend dat talle navorsers deur eie inisiatief suksesvol daarin geslaag het om goeie kontak en kommunikasie met oorsese kollegas tydens hierdie periode op te bou en te handhaaf. Daar is talle voorbeelde van onkonvensionele metodes wat gevolg is om selfs eksperimentele materiaal in die hande te kry. Net soos die geval was by baie ander instansies, was daar wisselende grade van isolasie - vanaf totale tot bykans geen versteuring in normale kommunikasie op persoonlike en institusionele vlak nie. Die aard van die isolering het ook gewissel van die meer subtiele tot die blatante en vernederende.

Om bydertydse kennis, insig, visie, vakkundige ingeskerptheid en konseptuele denke te stimuleer en te verseker, kan 'n navorser nie slegs aangewys wees of staatmaak op onpersoonlike kontak, tydskrifte, joernale, ens. nie. Dit is veral in dié opsig waar navorsing merkbaar getref is en waar daar as gevolg van isolasie 'n agterstand op verskeie navorsingsterreine opgebou is. Daar is geen plaasvervanger vir eerstehandse gesprekvoering, gedagteuitruiling en voortgesette opleiding nie. Agterstande het ontstaan omdat navorsers se volwaardige deelname aan die intellektuele aktiwiteite van die internasionale wetenskaplike gemeenskap aan bande gelê is. Afgesien van die lande wat visums aan Suid-Afrikaners geweier het, was daar talle lande (Skandinawië, Finland, Ierland, ens.) wat die bywoning van kongresse, simposia, ens. verbied het. In ander gevalle het sekere akademiese inrigtings geweier om Suid-Afrikaanse navorsers of nagraadse studente te ontvang (VSA, Kanada, Skandinawië, Indië, ens.) Waar Suid-Afrikaanse navorsers nog toegelaat is om konferensies, ens. by te woon, is hulle gerelegeer na 'n niedeelnemende status. Hulle is selde opgeneem in die formele program van uitnodigings- en ander referate of as sessievoorsitters - om nie eers te praat van lidmaatskap van kundigheids- en bestuurskomitees nie.

Die geleentheid is Suid-Afrikaanse landbounavorsers op die wyse ontneem om volwaardig betrokke te raak in die beoefening van hulle vakkundigheid en om die gehalte en relevansie van plaaslike navorsing bekend te stel en gedaag te kry, sowel as om dit intellektueel te verantwoord teenoor 'n wyer en meer kritiese gemeenskap. Hierdie gebrekkige blootstelling laat baie Suid-Afrikaanse navorsers ietwat lomp en met 'n sigbare ongemak, asook 'n tekort aan selfvertroue in die internasionale vergadersale beweeg.

'n Verdere ernstige nagevolg wat van die isolasiejare oorgehou is, is die ontoereikende kennis van die Afrikaanse vasteland, sy potensiaal en groot landbouprobleme. Daar is ook min kennis oor navorsing wat elders in Afrika gedoen en onderneem word. Terwyl Suid-Afrika in isolasie hom noodgedwonge (en suksesvol) moes toespits op die noodsaaklike ontwikkeling van sy Eerstewêreldhoëtegnologie-landboubedryf, het die uitdagings van sy eie Derdewêreldlandboubehoeftes agterweë gebly.

Met die opheffing van sy isolasie het Suid-Afrika se landbounavorsing grootliks reeds sy agterstande ingehaal, danksy ook sy deelname aan moderne elektroniese rekenaarkommunikasietegnologie.

Histories en strategies gesien, nieteenstaande die invloed van isolasie, was Suid-Afrikaners egter nog nooit so goed geplaas om op grond van bestaande kundigheid en die suksesvolle bydraes wat sy landbounavorsing reeds gelewer het, die taak in Afrika aan te durf nie.

J.H. HOFMEYR